# DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE KWARTIERMEESTER-GENERAAL

**O/lt (SAV) J.D. Bredenkamp***

**The origin and development of QMG from 1912, through the First World War and the Second World War is discussed with special emphasis on the changes that evolved and occurrences, people and factors that contributed to bring about the organisation as we know it today.**

## Die totstandkoming van kwartiermeester-generaal

Vanaf die ontstaan van die Unieverdedigingsmag was dit 'n leër of landmag en was die organisasie daarvan gebaseer op die Britse stelsel. Verskillende korpse is ingestel en verskeie funksies, waaronder ook die logistieke funksie is uitgevoer.[1]

Die eerste Verdedigingsregulasies word op 23 Desember 1912 gepubliseer. Volgens hierdie regulasies is die departement van Verdediging in drie afdelings verdeel, nl die Afdeling van die Sekretaris, die Afdeling van die Generale Staf en die Afdeling vir Administrasie. Laasgenoemde is op 1 Julie 1912 gestig onder leiding van lt-kol M.C. Rowlands, CMG, met die volgende pligte, nl krygsbehoeftes, uitrusting, bekleding, voorrade, behuising, transport, veeartsenykundige dienste en mediese dienste.[2] Mediese dienste was deel van Afdeling Administrasie tot en met 1 Desember 1913 toe dit afgestig is en bekend gestaan het as Afdeling Mediese Dienste.[3]



*S-adm M.A. Bekker, SD Vanaf 1 Oktober 1976 Kwartiermeester-generaal*

## Eerste Wêreldoorlog

In Augustus 1914 breek die Eerste Wêreldoorlog uit. Die Unie-regering willig in om Duits Suidwes-Afrika te verower. Hierdie veldtog het logiestieke voorsiening deur die Afdeling van die Administrasie tot die uiterste beproef.

Op 1 Julie 1915 word die benaminge van die drie Weermagsafdelings verander na Adjudant-generaal, Kwartiermeester-generaal en Geneeskundige Dienste respektiewelik.[4]

In Oktober 1915 word die Unieregering gevra om 'n mag op die been te bring vir diens in Duits Oos-Afrika. Ten spyte van die probleme wat ondervind is met die aanskaffing van die nodige uitrusting, vervoermiddels en perde vir die berede brigades, is dit binne vyf maande deur die Kwartiermeester-generaal afgehandel.

Gedurende die Oos-Afrika veldtog het die kwartiermeester-generaal 'n groot hoeveelheid voorrade namens die Imperiale regering aangekoop en na Oos-Afrika verskeep. Artillerie wat gebruik was in die Duits Suidwes-Afrika veldtog is herstel en opnuut uitgerus vir verdere diens in Oos-Afrika en later ook in Egipte en Palestina.[5]

Unietroepe is ook na Europa gestuur waar hulle op Franse bodem geveg het. Hulle was afhanklik van die Britse leër vir logistieke ondersteuning en het oa bekendheid verwerf vir hul verdediging van Delvillebos tydens die groot slag van die Somme in Julie 1916.

In November 1918 word vrede verklaar en onmiddellik is reëlings getref om terugkerende soldate van werk te voorsien en uitrusting, insluitende gebuite uitrusting, terug te neem.

In 1919 tree lt-kol Rowlands as Kwartiermeester-generaal af en word opgevolg deur kol Sir H. Rhys Price, KBE, CMG, VD.

Dit is miskien belangrik om kennis te neem daarvan dat die destydse Hoof van Generale Staf bevel gevoer het oor die leër deur middel van die Direkteur-generaal van Opleiding en Operasies. Dit was dus nie vreemd dat die Kwartiermeester-generaal alle tegniese en voorraadaangeleenthede gehanteer het nie terwyl die Adjudant-generaal die administratiewe (insluitende personeel) aangeleenthede gehanteer het.[6]

Op 23 Februarie 1921 tree kol Sir H Rhys Price af en word opgevolg deur kol C. Brink, DTD, DSO. 'n Moeilike stadium het in sy dienstermyn gevolg; die 1922 stakings was voor die deur en ook die reorganisasie van die Departement van Verdediging moes nog plaasvind.

## Die Industriële Onluste en Reorganisasie van kwartiermeester-generaal

Gedurende die Industriële onluste op die Witwatersrand in 1922 het die Kwartiermeester-generaal 'n taamlike belangrike rol gespeel. Die troepe wat in Pretoria gekonsentreer was is almal van uitrusting voorsien voordat hulle na die operasionele gebied gestuur is en dit is nodig geag om net in Johannesburg 'n tak depot te open. Die burgermaglede was met 'n verskeidenheid gewere bewapen en dit het moeilik gegaan om vir hierdie gewere ammunisie te verskaf. Dit was derhalwe nodig om hulle opnuut te bewapen met .303 Merk VII gewere waarvan daar genoeg vir die doel voor hande was.[7] Na bloedige gevegte is die stakers in Johannesburg onderwerp. Bykans 200 mense het die lewe gelaat. 'n Paar leiers het selfmoord gepleeg. 18 is voor die hof gedaag en 4 ter dood veroordeel.[8]

Die noodsaaklikheid om die werk van die Kwartiermeester-generaal met tydelike klerke en magasynbediendes (sic) voort te sit, het altyd besorgdheid veroorsaak en in 1916 is dit al oorweeg om die afdeling te reorganiseer en te militariseer. Hierdie stappe is in 1922 onderneem en in 1924 is dit voltooi. Dit het gepaard gegaan met die ontslag of oorplasing van burgerlike werknemers, wat geweier het om gemilitariseer te word, na ander departemente. Hierdie werknemers is die bogenoemde tydelike klerke. Die indiensneming van nie-blankes is ook aanvaar en dié is ingesweer as lede van die Unieverdedigingsmag.[9]

Op 26 Januarie 1923 het die destydse Goewerneur-generaal by wyse van Proklamasie no 17 van 1923 met ingang van 1 Februarie 1923 onder meer die volgende eenhede onder naam en titel ingestel:

(i) Die Suid-Afrikaanse Intendans (The South African Service Corps)
(ii) Die Suid-Afrikaanse Administratiewe-, Betaal– en Klerklike Diens (The South African Administrative Pay and Clerical Corps)
(iii) Die Suid-Afrikaanse Krygsbehoeftediens (The South African Ordnance Corps)

Gedurende die periode 1923 tot Maart 1939 was daar geen materiële veranderings aan die organisasie, struktuur, funksies en opleiding van die korpse nie; trouens daar was geen formele administratiewe en tegniese opleiding nie. Lede het 'in-diens' opleiding ontvang. Gedurende Maart 1939 was die posisie soos volg:

(i) Die SA Krygsbehoeftediens onder KMG se beheer (kol F.H. Theron, CB, CBE, het intussen kol Brink in 1937 opgevolg as KMG) het alle krygsbehoeftevoorrade (insluitende tegniese voorrade, voertuie en ammunisie) behartig. Dit het die organisasie en werking van krygsbehoeftedepots ingesluit. Daar was geen tegniese voorraad depots nie.
(ii) Die SA Intendans onder KMG se beheer het die kommissariaat en transportfunksies verrig, insluitende brandstof en olies.
(iii) Die SA Administratiewe, Betaal- en Klerklike Korps (SAAB en KD) het onder die Adjudant-generaal ressorteer en was verantwoordelik vir personeel en algemene administrasie in die SAW.

Verskeie ander veranderings het gedurende 1939 plaasgevind, onder andere word kol F.H. Theron opgevolg deur genl-maj Mitchell-Baker, CB, CBE, DSO as KMG. Die belangrikste was egter die stigting van die Tegniese Dienskorps (het as T-Dienskorps bekend gestaan) onder 'n Direkteur-generaal van Tegniese Dienste wat verantwoordelik was vir tegniese voorrade, werkswinkels, ammunisie en ammunisiedepots. Die T-Dienskorps is gestig uit lede van die SA Krygsbehoeftediens. Die res van die SA Inten-

dans en die SAAB en KD is ontbind en in die Kwartiermeester Dienskorps (het bekend gestaan as die K-Dienskorps) opgeneem. Hierdie veranderings is gemagtig deur Proklamasie No 267 van 10 November 1939. Die beheer van die K-Dienskorps het aanvanklik onder KMG ressorteer. Gedurende 1940 egter was dit verdeel tussen die Adjudant-generaal en die KMG aangesien die Korps 'n Administratiewe sowel as 'n Kwartiermeestersfunksie verrig het.[10]

## Tweede Wêreldoorlog

Twee jaar voor die Tweede Wêreldoorlog in 1937–38 het die regering 'n liggaam gestig bestaande uit militêre en siviele personeel. Die liggaam het bekend gestaan as die Unieraad vir Oorlogsbehoeftes en die doel van die raad was om ondersoek in te stel na hulpbronne wat geskik was vir die produksie van oorlogstuig in gevalle van nood. Laasgenoemde raad is op 24 November 1939 vervang deur die Direkteur-generaal vir Oorlogsbehoeftes wat verantwoordelik was vir die aankoop en produksie van alle goedere benodig tydens oorlog. Die oorlog het intussen in September 1939 al uitgebreek. Die Direkteur-generaal van laasgenoemde raad was dr H.J. van der Bijl.[11]

Vanuit 'n industriële oogpunt het Suid-Afrika dit nooit nodig geag om in te rig vir die produksie van oorlogstuig nie en is geglo dat Brittanje en Amerika aan ons vereistes sou voldoen. Met die verowering van Frankryk deur die Duitse magte het sake heelwat verander en Suid-Afrika het besef dat die produksieprogram onmiddellik moes uitbrei en dat geen verdere hulp van Brittanje verwag kon word nie. Die dae van die 'phony' oorlog was verby. 'n Oorlogsbehoeftekomitee is gestig onder voorsitterskap van die Eerste Minister, genl Smuts. Daar was gepoog om noue skakeling tussen die Direkteur-generaal vir Oorlogsbehoeftes en die Hoof van die Generale Staf en die Kwartiermeester-generaal te handhaaf. Kwartiermeester-generaal is van alle finansiële verantwoordelikhede onthef om sodoende te konsentreer op probleme van militêre belang soos bv kwaliteitsbeheer van oorlogsprodukte ontvang en uitreiking en beheer van produkte aan Uniemagte.[12]

Gedurende die oorlog het die Suid-Afrikaanse magte te velde by die Geallieërde magte ingeskakel en was daar geen omvattende logistieke funksie deur die Unieverdedigingsmag plaaslik uitgevoer nie, behalwe die uitreiking van persoonlike uitrusting aan die troepe. Alle voorrade, uitrusting, voertuie, ens. is deur die kanale van ander lande aan Suid-Afrikaanse magte te velde gelewer. Teen die einde van die oorlog het die Direkteur-generaal vir Oorlogsbehoeftes ontbind.[13]

Op 30 September 1945 tree genl-maj Mitchell-Baker af en word opgevolg deur brig P de Waal, CB, CBE, as nuwe Kwartiermeester-generaal.

Na die oorlog – in 1945 – het die Direkteur-generaal van Tegniese Dienste afgetree en die organisasie is ontbind. Die funksies is oorgeneem deur die Kwartiermeester-generaal. Hy was verantwoordelik vir alle Leër en gemeenskaplike krygsvoorrade (tegnies en nie-tegnies), alle voertuie, ammunisie en plofstowwe, voorrade en vervoer, werke, alle voorradedepots, kommissariaat- en transportdepots en alle werkplase, (uitgesluit Sein- en Lugmagswerkplase) en hy was aan die Hoof van die Generale Staf verantwoordelik.[14] Twee adjunkposte is onder die Kwartiermeester-generaal ook nog geskep, nl dié van die Adjunk kwartiermeester-generaal van 'K' dienste en dié van die Adjunk kwartiermeester-generaal van 'T' dienste.

In Julie 1946 word die K en T Personeeldepots gestig te Lyttelton. Beleidsbesluite is deur die Adjunk kwartiermeester-generaal van "K" dienste en die Adjunk kwartiermeester-generaal van "T" dienste geneem.[15]

## Afbakening van die drie Weermagsdele en totstandkoming van Krygkor

Tot November 1948 toe die destydse Direkteur-generaal van Opleiding en Operasies se pos herbenoem is as Direkteur-generaal van Lugmagte het daar slegs 'n Leër met 'n lug- en seearm wat intussen self ontwikkel en gegroei het, bestaan. Die Hoof van die Generale Staf was die hoof van die Leër en was outomaties Hoof van die hele Mag. Met die duidelike afbakening van drie weermagsdele, 'n landmag (leër), lugmag en vloot het omstandighede verander en was die personeel van die Kwartiermeester-generaal, hoewel lede van die leërkorpse, nie langer onder bevel van die gesagvoerder van die Leër nie.

In werklikheid het die Lugmag en Vloot gedurende die oorlogsjare hulle finale beslag gekry, maar eers in 1948 is 'n aparte lug-, see- en landmag onder een gemeenskaplike hoof amptelik erken.[16]

In 'n persoonlike memo aan die Hoof van die Generale Staf vra Min Erasmus, die destydse Minister van Verdediging dat die 'K' Dienskorps se naam verander word na Administratiewe Dienskorps. So dan ook word dit in November 1949 verander na ADK omdat die Minister gedink het dat die naam meer paslik was.

Vroeg in 1950 is die besluit geneem om die 'K' en 'T' Personeeldepot, hernoem die Administratiewe en Tegniese Personeeldepot, te ontbind vier jaar nadat dit gestig is.[17]

Met verloop van jare het die Direkteur-generaal Landmagte se hoofkwartier in 'n volwaardige Leërhoofkwartier ontwikkel en het die hoofkwartier al hoe meer begin belangstel in die ADK aangesien dit 'n Leërkorps is. Dit is ook belangrik om te noem dat alle nie-ambagsmanne mettertyd van KMG oorgeplaas is na ADK. Die beheer oor ammunisiedepots en tegniese voorradedepots het toe oorgegaan na die ADK. So het die Leër weer beheer gekry oor sy tegniese dienste. In hierdie ontwikkelingsproses was daar ook die oorname van logistieke funksies deur sowel die Lugmag as die Vloot ten opsigte van hulle eie tegniese uitrusting en voorrade.[18]

Met die benoeming van brig H.J. Bronkhorst as 'n nuwe Kwartiermeester-generaal in 1951, is die Krygsproduksiekantoor gestig as 'n onderafdeling van die Weermag onder bevel van kol W.G. Driver.[19]

Tussen die jare 1951 en 1957 is daar verskeie onsuksesvolle pogings aangewend om die Administratiewe Dienskorps te reorganiseer.[20]

Intussen het brig H.J. Martin, SM, CBE, DFC, in 1953 brig H.J. Bronkhorst opgevolg as Kwartiermeester-generaal. Brig Martin word weer op sy beurt in 1959 opgevolg deur veggenl J.S.J. van der Merwe, SM.

In 1964 word die Krygsproduksiekantoor (nou bekend as die Krygstuigproduksieraad) 'n outonome liggaam buite die Weermag.[21]

In 1965 tree veggenl van der Merwe as KMG af en word op 1 Desember 1965 aangestel as Hoof van Logistiek.

Op 7 Desember 1965 verander die bevel- en beheerstruktuur van die SAW. Die oorhoofse beheer het uit vier afdelings bestaan, nl Hoof van Verdedigingstaf, Hoof van Weermagsadministrasie, Hoof van Logistiek en die Geneesheer-generaal. Voortaan sou die Kwartiermeester-generaal nie meer as afdelingshoof bekend staan nie, maar sou voortgaan met sy funksies onder Hoof van Logistiek. Die afdeling Hoof van Logistiek verander later na Hoof van Logistiekdiens. Lt genl R.F. Armstrong, SSA, SM, neem oor as waarnemende Hoof van Logistiekdiens vanaf 20 Julie 1967.

Die Kwartiermeester-generaal het egter slegs tot 1968 onder bevel van die afdeling Hoof van Logistiekdiens gebly, waarna KMG weer as 'n afsonderlike afdeling voortgegaan het. Hierdie verskuiwing van KMG na Hoof van Logistiekdiens het verval voordat dit volwaardig toegepas kon word in die praktyk.[22] In hierdie selfde jaar word lt-genl Armstrong opgevolg deur genl-maj R.C.J. van der Bijl as nuwe Kwartiermeester-generaal.

Gedurende 1968 word die Krygstuigontwikkelings- en Vervaardigingskorporasie van Suid-Afrika Bpk gestig (KRYGKOR). Dus het daar nou die Krygstuigproduksieraad en Krygkor bestaan: eersgenoemde het beheer uitgeoefen oor die verkryging en vervanging van alle militêre voorrade terwyl laasgenoemde krygstuig vervaardig het wat te onekonomies of te strategies van aard was vir die privaatsektor om te voorsien. In 1976 smelt die Krygstuigraad en Krygkor saam. Daar vind noue skakeling plaas tussen Kwartiermeester-generaal en Krygkor en KMG koop direk aan van Krygkor.[23]

Op 1 April 1973 word die Suid-Afrikaanse Ammunisiekorps gestig met die volgende doelstelling, nl: om die voorsiening van diensbare ammunisie aan die SAW te verseker.

Omdat dit voordele inhou om op die lewering van logistiese dienste van gemeenskaplike aard te konsentreer, is dit op 1 November 1974 deur die Minister goedgekeur dat die KMG-organisasie as apartstaande logistiese dienslewerende instelling daargestel sal word. Die goedgekeurde doelstelling is 'om bepaalde logistiese dienste aan die S.A Weermag te lewer', in die sin van bepaalde gemeenskaplike logistiese dienste.[24] By wyse van Hoof van Staf Logistiek het Hoof van die SA Weermag bepaal watter logistiese dienste gelewer word.[25]

Genl-maj H.A. Kotze volg genl-maj R.C.J. van der Bijl in Julie 1974 op as KMG, maar in Desember 1974 word genl-maj Kotze op sy beurt weer opgevolg deur genl-maj J.J. Steenkamp.

Ministeriële goedkeuring word op 31 Julie 1975 verleen vir die ontbinding van die Administratiewe Dienskorps (ADK). Die volgende nuwe korpse is met ingang 1 Aug 1975 gestig, nl die Personeeldienskorps, die Krygsbehoeftedienskorps en die Korps van Professionele Offisiere.[26]

In Okt 1976 volg skoutadmiraal M.A. Bekker, SD, vir genl-maj Steenkamp op as KMG. Skout-admiraal Bekker is tans nog die Kwartiermeester-generaal.

Met die stigting van die nuwe KMG Hoofkwartiereenheid op 1 Januarie 1979 was die KMG in die volgende direktorate georganiseer, nl Algemene Voorrade, Munisie, Militêre Eiendom en Werke, Suid-Afrikaanse Weermagsinstituut, Kommissariaat en Transport, Personeel, Spysenierdienste, Filmdienste, Finansies en Operasies.[27]

Huidiglik bestaan die KMG uit die volgende eenhede:

## Eenhede – Staande Mag

5 Basiskrygsbehoeftesdepot (5 BDK)
6 Basiskrygsbehoeftesdepot (6 BDK)
7 Basiskrygsbehoeftesdepot (7 BDK)
91 Ammunisiedepot (91 Ammu Dep)
93 Ammunisiedepot (93 Ammu Dep)
95 Ammunisiedepot (95 Ammu Dep)
92 Ammunisiedepot (92 Ammu Dep)
3 Kommissariaat- en Transportdepot (3 KTD)
6 Kommissariaat- en Transportdepot (6 KTD)
8 Kommissariaat- en Transportdepot (8 KTD)
11 Kommissariaat- en Transportdepot (11 KTD)
16 Kommissariaat- en Transportdepot (16 KTD)
17 Kommissariaat- en Transportdepot (17 KTD)
18 Kommissariaat- en Transportdepot (18 KTD)
19 Kommissariaat- en Transportdepot (19 KTD)
33 Kommissariaat- en Transportsubdepot (33 KTSD)
61 Kommissariaat- en Transportsubdepot (61 KTSD)
111 Kommissariaat- en Transportsubdepot (111 KTSD)
112 Kommissariaat- en Transportsubdepot (112 KTSD)
173 Kommissariaat- en Transportsubdepot (173 KTSD)
191 Kommissariaat- en Transportsubdepot (191 KTSD)
5 Militêre Werke-eenheid (5 MWE)
1 Militêre Drukeenheid (1 MDE)
1 Militêre Dorpsbestuur (1 MDB)
2 Militêre Basisbestuur (2 MBB)
SA Weermagsinstituut (SAWI)
97 Ammunisiedepot (97 Ammu Dep)
Kwartiermeester-generaal Hoofkwartiereenheid (KMG HK Eenh)
174 Kommissariaat- en Transportsubdepot (174 KTSD)

## Burgermag

1 Verplasingseenheid (1 VE)
11 Veldposeenheid (11 VPE)

Die Kwartiermeester-generaal lewer nie slegs diens aan die Hoof van die SA Weermag nie, maar lewer bepaalde logistiese dienste aan elkeen van die Weermagsdele. Derhalwe kan elkeen van die Weermagsdele die Kwartiermeester-generaal tot verantwoording roep vir dié logistiese dienste wat aan hulle gelewer moet word.[28]

* O/lt J.D. Bredenkamp BA, is verbonde aan die Militêre Informasieburo van die SAW.

**Voetnotas**

1. *Derde Verslag van die Komitee van Ondersoek*, (Afdeling Logistiekediens) 1966 p. 5.
2. 'Fokus op Kwartiermeester-generaal', *Paratus*: 5, Julie 1111975.
3. Annual Reports for Department of Defence for year ending 30th June 1913, p. 28.
4. G.O. 684 Benamingen van Hoofden van Militaire Afdelingen, Verdedigingshoofkwartier, dd 3 Augustus 1915.
5. Jaarverslag van die Dept van Verdediging vir jaar geëindig 30 Junie 1921, pp. 7–8.
6. Coetzer Verslag, *Verdeling van die ADK*. 1975, p. 4.
7. Jaarverslag van die Departement van Verdediging vir jaar geëndig 30 Junie 1922, p. 34.
8. Van Jaarsveld, F.A., *Van Van Riebeeck tot Vorster, 1652–1974*, p. 278.
9. Jaarverslag van die Departement van Verdediging van jaar geëindig 30 Junie 1922, p. 43.
10. Coetzer Verslag, *Verdeling van die ADK*, 1975, pp. 3–4.
11. *A Record of the Organisation of Director-General of War Supplies 1939 and Director-General of Supplies 1943-1945*, p. 1.
12. *Ibid.*, p. 8.
13. *Derde Verslag van die Komitee van Ondersoek* (Afdeling Logistiekediens), 1966, p. 7.
14. *Derde Verslag van die Komitee van Ondersoek* (Afdeling Logistiekediens), 1966, p. 7.
15. Hopkins Verslag, *Investigation of the proposed disestablishment of the Administrative Service Corps and the establishment of new service corps*, 1963, p. 9.
16. *Derde Verslag van die Komitee van Ondersoek* (Afdeling Logistiekediens, 1966, p. 7.
17. Hopkins Verslag, *Investigation of the proposed disestablishment of the Administrative Service Corps and the establishment of new service corps*, 1963, p. 30.
18. Coetzer Verslag, *Verdeling van die ADK*, 1975, p. 5.
19. *KTR 10*, 'n Krygkor publikasie, 1968, p. 3.
20. Coetzer Verslag, *Verdeling van die ADK*,b 1975, p. 5.
21. *KTR 10*, 'n Krygkor publikasie, 1968, p. 4.
22. SAW Argief.
23. *KTR 10*, 'n Krygkor publikasie, 1978, p 4.
24. Meyer Verslag, *Die Daarstelling van die KMG-Organisasie as Dienslewerende instelling*. Eerste verslag, 1975, p. 17.
25. Meyer Verslag, *Die Daarstelling van die KMG-Organisasie as Dienslewerende instelling*. Eerste verslag, 1975, p. 13.
26. Coetzer, W.A., brig. versameling, SAW Argief, Lêer G/SD/3/11 (DADK53) Vol 1, Inlae 51. Brief G/SU/3/11 (GS 1) dd 26 Augustus van brig R. Holtzhausen (namens H Leër) aan Direkteur ADK.
27. SAW Argief.
28. Meyer Verslag, *Die Daarstelling van die KMG-Organisasie as Dienslewerende instelling*. Eerste verslag, 1975, p. 13.